PREEKOPSOMMING

Reeks: **IDENTITEITS-DIEFSTAL –**
Kry weer terug wat God bedoel het jy moet wees!
Tema #1: **Beroof deur verhoudings.**
Teks: Efesiërs 3:16-19.
Kernvers: ***"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."*** (Efesiërs 3:18)
Datum: 7 Maart 2010 (met doopbediening.
Prediker: Dr Johan Kruger (sel: 0842568031)

Wat is jou identiteit?
Jou identiteit is wie jy is. Jou identiteit bepaal eintlik alles in die lewe - hoe jy optree, hoe jy dink en wat jy sê. Jy word ook jou identiteit. Daarom is jou identiteit so wesenlik in jou Christenskap en jou lewe saam met God.

Die groot identiteitsvraag: "Wie is jy?"
Op die vraag ***"Wie is jy?"*** loop ons gedagtes normaalweg langs die roete van jou naam, jou werk, jou man/vrou en kinders, jou motor, ens. As ons mooi daaroor nadink, is dit net goeie beskrywings van jouself. En dikwels word jy die beskrywings oor jouself.Hierin lê 'n resep vir 'n groot pyn in jou lewe.

Die Shape o-toy.
Die Shape o Toy is 'n tapperware-produk (ook bekend as die Tupperware-bal) waar een helfte rooi is en die ander blou. Dit het tien gate en elke gat korrespondeer met net 1 geel plastiese vorm. Daar is 'n ster, driehoek, vierkant, ens. Die vorms bly binne totdat dit oopgemaak word. En die speletjie vir 'n twee- of drie-jarige is om die vorm se regte gat te kry waar hy inpas. Ons onthou almal hoe ons kinders met die vorms gespeel het en hoe gefrustreerd ons as ouers geraak het wanneer die kinders 'n vierkant probeer inforseer by die verkeerde gat. Kyk ons na ons lewens en na mense se lewens rondom ons dan lyk dit asof ons as mense in die soeke na ons identiteit presies dieselfde doen. Soms forseer ons verkeerde vorms in die verkeerde gate… tot groot frustrasie!

Prediker as Joernaal
Die boek Prediker wat hoogswaarskynlik geskryf is deur Salomo is eintlik 'n joernaal van iemand wat op soek was na sy eie identiteit. Hy sê in Prediker 2 dat hy "alles onder die son probeer het". Hy het baie huise en paleise met groot damme gebou, baie beeste gehad, slawe gehad wat vir hom werk en 'n draai gemaak by musiek, die kunste, reuse partyties met mooi meisies, silwer en goud, ens. Hy sê dat alles wat hy begeer het hy gedoen en gekry het. Maar op die ou einde het hy nog steeds leeg gevoel. In Prediker 2:11 maak hy die bekende stelling: ***"Alles is 'n gejaag na wind. In die wêreld bevredig niks nie."*** Hy het vierkantige vorms in ronde gate probeer inforseer. In die res van sy joernaal in Prediker kom hy tot die groot slotsom. Diep in ons harte is daar 'n God-vormige gat en om enigiets anders daarin te probeer inforseer werk nie – dit pas nie. Om hierdie God-vormige gat te probeer vul met jou huweliksmaat, beste vriend of werkskollegas werk eenvoudig nie. erhoudings met mense is ongelooflik belangrik om volledig mens te wees. Dit lees ons orals in die Bybel. Maar, verhoudings kan nie daardie God-vormige gat vul nie! Almal van ons het die groot ontnugtering en teleurstelling beleef toe ons probeer het om met verhoudings met mense hierdie diep leemte en begeerte diep in jou vol te maak. Jy het dit beleef toe jy agtergekom het mense is feilbare mense.

Hoe word die God-vormige gat gevul?
Ons sou dadelik kon antwoord: Deur God self. Ja, dit is so. Maar die sleutel is liefde. Maar dit is 'n sekere tipe liefde. In die Ou nTestament kry ons die woordjie ***gesed.*** Gesed is 'n Hebreeuse woord vir liefde. In die Ou Testament word hierdie Gesed-liefde slegs gekoppel aan God. Dis net Hy wat oor gesed-liefde beskik en kan uitdeel. Ons noem dit die O_3-liefde – O_2 is die simbool vir suurstof – jy kan dit nie sien nie – maar O_3-liefde kan jy sien en ervaar. Die 3 O's staan vir:
- **Onvoorwaardelik** – dit stel geen voorwaardes nie – jy moet nie eers iets goeds doen om dit te verdien nie – geen "maar as jy…" nie - dit is eintlik genade-liefde.
- **Onveranderlik** – dit bly konstant – dit is nooit meer of soms minder nie.
- **Onuitputlik** – daar is altyd nog.

Vergelyk enkele Psalms wat juis praat oor God se O_3-liefde – Psalms 32:10, 33:5, 130:7 en 17:7 en 8. Ons almal begeer tog hierdie O_3-liefde van God. Dit is hoe hierdie God-vormige gat gevul word. Omdat ons dit so diep begeer, vang ons dikwels sulke snaakse goed aan om aanvaar te word deur ander mense en om O_3-liefde te ervaar. Slegs wanneer jy God toelaat om jou met O_3-liefde lief te hê, dan kan jy eers ander liefhê met sy liefde. Dit stel jou in staat om ander te aanvaar, te vergewe, te omhels en selfs jou grootste vyand te dien. Die Engelse spreekwoord sê: ***"You cannot give away what you don't have."*** In Matteus 10:8 sê Jesus ook: ***"Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet."***

Paulus se gebed vir jou.
In Efesiërs 3:18 bid Paulus die volgende: ***"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."*** Kyk ons na die woord ***"begryp"*** (mag julle in staat wees om dit te begryp) dan sien ons dat dit vertaal is uit die Griekse Bybel van die woordjie ***"katalambano"*** wat ook in Engels vertaal kan word met **"to grasp"** of ***"to comprehend".*** Maar die woordjie wat ons vertaal met ***"om te begryp"***, beteken ook letterlik ***"om deur te eet"*** ….. om 'n poedingbakkie voor jou neer te sit met lekker poeding in en dan van bo tot onder deur te eet tot jy die bodem kan sien. Wat sê Paulus eintlik? Hy bid dat die hoogte en wydte en diepte van Christus se liefde deur jou lewe sal eet tot onder… Hy bid dat jy regtig sal snap wat dit regtig beteken dat God jou liefhet met O_3-liefde. Jy kan hoeveel kennis van die Bybel hê, en jy kan hoe goeie mens wees en jy kan hoe streng volgens die Woord leef, maar die vraag is: het God se O_3-liefde al regtig deur gekom na jou toe?

Glo dit!
In 1 Johannes 3:1 staan***: "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook."*** En in Johannes 1:12 lees ons ook: ***"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."*** Hoe kry ek weer my ware identiteit terug wat dalk beroof is of wat verduister is? Jy moet glo! (Joh 1:12) Om te glo is om te vertrou dat wat God sê waar is – en wat God oor Homself sê is waar – en wat God oor jou sê is waar.

Wie is jy?
Beantwoord die vraag opnuut vir jouself – wie is jy Kan jy regtig vandag die woorde met oortuiging sê:
"Ek is 'n kind van God wat Hy met sy O_3-liefde baie iefhet – onvoorwaardelik, onveranderlik en onuitputlik."
Kry met hierdie sin weer terug wat dalk van jou identiteit beroof is.

Mag die Here jou ryklik seën!